(14)



AMI/IO/311/1/11

## [ON]TMOETING TUSSEN HSAW EN MNR FOCCART : 22 JULIE 1987

[1]. Die doel van die gesprek was om te probeer bepaal of mnr Foccart [d]ie RSA behulpsaam kan wees om sy kontak met Afrikastate uit te brei.

[2]. Mnr Foccart het aangedui dat daar slegs twee state is met wie die RSA op bilaterale basis in hierdie stadium met vrug kan saamwerk dws die Ivoorkus en Gaboen. Die ander Afrikastate is nog nie gereed vir sodanige samewerking nie, hoofsaaklik as gevolg van die beeld wat daar van die RSA in Afrika geskep word. Hy is van mening dat hierdie beeld reggestel behoort te word deur gereelde opsommings van die belangrikste konstitusionele gebeure in Suid-Afrika aan Afrikastate beskikbaar te maak. Van sy kant onderneem hy om toe te sien dat sodanige opsommings, wat vryelik beskikbaar moet wees ook aan die Franse Ambassadeurs in Afrikastate te laat versend en self met Staatshoofde daaroor gesprek te voer. Hy was byvoorbeeld beïndruk met HSAW se verduideliking van die betekenis van die Streeksdíenste Rade, veral die feit dat alle bevolkingsgroepe op Streeksvlak nou inspraak sal hê in besluitneming en aan die toewysing van fondse vir die uitvoering van sodanige besluite.

3. Mnr Foccart is van mening dat die klimaat wat so geskep word uiteindelik daartoe kan lei dat daar beter samewerking tussen die RSA en ook ander Afrikalande kan wees.

4. Mnr Foccart het 'n spesifieke punt daarvan gemaak om die Albertini aangeleentheid te berde te bring. Hy versoek dat die RSA Albertini nie in hierdie stadium moet vrylaat nie, hoofsaaklik vir die volgende redes :

a. Indien Albertini nou vrygelaat word sal Pres Mitterand die krediet daarvoor kry. Eerste Minister Chirac is begerig om dit te verhoed.

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2014 -01- 28

13



b. Albertini se vrylating, sonder dat daar verder gepraat word oor moontlike teenprestasies soos die geloofsbriewe van Ambassadeur Geldenhuys, of die vrylating van Wynand du Toit, sal die beeld van die Franse wat betrokke is om met Angola te onderhandel in hierdie verband, benadeel.

DEFENCE INTELLIGENCE
**DECLASSIFIED**
2014-01-28
J.A.L STEINMANN
72563596PE WO1